

VOORNAAMWOORDE

(Aanduidinge van dinge en tewens van verhoudinge, en aanduidinge van verhoudinge as eienskappe voorgestel.)

Betekenis:

Kyk na die volgende sinne:

Ek sien HOM op die stoep.

Is DIT MY boek of JOUNE WAT daar lê?

HY verbeel HOM baie.

WIE loop daar na IETS en soek?

DIT is HIERDIE huis WAT SY gekoop het.

Soek JY IEMAND?

Daar lê 'n pen, maar DIT is nie MYNE nie.

DIT het die hele naweek gereën.

Wat kan ons nou opmerk?

Sommige van die woorde wat met hoofletters gedruk is (t.w. **ek, hom, dit, wat, wie, iets, jy, iemand, sy**) dui persone of dinge aan. „Ek” en „jy”, byvoorbeeld, dui persone aan; „wat” dui „die huis” aan; „iets” dui 'n onbekende ding aan, ens. Hierdie woorde dui ook sekere verhoudinge aan, maar dié sal ons later behandel. Ons noem hierdie soort woorde **Voornaamwoorde**. Soos selfstandige naamwoorde staan hulle ook **alleen**, maar waar s.nwe. die name van dinge is, is vnwe. slegs **aanduidinge** van dinge en tewens van verhoudinge.

Die woorde **my, jou, myne** en **hierdie** is aanduidinge van verhoudinge en het die funksie van 'n byvoeglike naamwoord. Ons kan hulle **byvoeglik gebruikte vnwe.** noem.

Ons sien ook dat al die woorde in albei groepe nie heeltemal eenders is nie. Kom ons kyk wat die onderlinge verskille en die bepaalde verhoudinge is.

A. SELFSTANDIGE GEBRUIK

I. Persoonlike voornaamwoorde

Sommige van die woorde wat hierbo met hoofletters geskryf is, soos bv. **ek, hom, dit, sy**, ens. is woorde wat hoofsaaklik vir persone gebruik word; daarom noem ons hulle **Persoonlike Voornaamwoorde**. Dit beteken natuurlik nie dat hierdie woorde of aanduidinge altyd vir persone gebruik word nie. Ons sal egter later op hierdie puntjie terugkom.

Ook moet ons oplet dat hulle 'n eerste, tweede of derde persoon kan aandui. Laat ons eers die verandering van woord of woordvorm by die persoonlike voornaamwoord ondersoek. Die volgende kan waargeneem word:

Fleksie van die persoonlike voornaamwoord:

(a) As onderwerp van die sin (Subjektswoord):

	Enkelvoud	Meervoud
1e Persoon:	Ek werk	Ons werk
2e Persoon:	Jy, u werk	Julle, u werk
3e Persoon:	Hy, sy, dit werk	Hulle werk

(b) As direkte en indirekte voorwerp van die sin (objektswoord):

	Enkelvoud	Meervoud
1e Persoon:	Piet sien my	Piet sien ons
2e Persoon:	Piet sien jou, u	Piet sien julle, u
3e Persoon:	Piet sien hom, haar, dit	Piet sien hulle

(c) Om besit aan te dui:

(i) Wanneer die voornaamwoord voor 'n s.n.w. staan:

	Enkelvoud	Meervoud
1e Persoon:	Dit is my hoed	Daar lê ons hoede
2e Persoon:	Dit is jou, u hoed	Daar lê julle, u hoede
3e Persoon:	Dit is sy, haar hoed	Daar lê hulle hoede

(ii) Wanneer die voornaamwoord alleen staan:

	Enkelvoud	Meervoud
1e Persoon:	Die hoed is myne	Die hoede is ons s'n
2e Persoon:	Die hoed is jou(n)e	Die hoede is julle s'n
3e Persoon:	Die hoed is syne, hare	Die hoede is hulle s'n

Let op:

Groep C hoort nie onder hierdie hoof tuis nie, maar word volledigheidshalwe hier aangegee. (cf. groep B — Byvoeglike gebruik)

Om die verbuiging van die persoonlike voornaamwoord nog duideliker te maak kan ons die saak as volg voorstel:

ENKELVOUD

	Onder- werp		Voor- werp		Besit- lik (voor s.n.w.)		Besitlik (staan alleen)
1e Pers.	Ek	was	my	in	my	bad; die bad is	myne
2e Pers.	Jy	was	jou	in	jou	bad; die bad is	jou(n)e
	U	was	u	in	u	bad.*	
3e Pers.	Hy	was	hom	in	sy	bad; die bad is	{ syne
	Sy	was	haar	in	haar	bad; die bad is	{ hare

MEERVOUD

1e Pers.	Ons	was	ons	in	ons	badde; die badde is	ons s'n
2e Pers.	Julle	was	julle	in	julle	badde; die badde is	julle s'n
	U	was	u	in	u	badde.*	
3e Pers.	Hulle	was	hulle	in	hulle	badde; die badde is	hulle s'n

***Let op:**

By **u** kan ons een van die volgende uitdrukkings gebruik:

Die bad behoort aan u.

Die bad is die uwe.

Dit is u bad.

Die bad is van u.

Verhouding:

In die sinnetjies „Ek sien jou” en „Ek sien hom” is **ek** ’n aanduiding van die spreker; **jou** is ’n aanduiding van die toegesproke persoon, en **hom** is ’n aanduiding van ’n ander persoon — iemand wat nòg die spreker nòg die toegesproke persoon is. Die woorde (vnwe.) „jou” en „hom” dui dus ’n verhouding in die ruimte aan tot die spreker.

Oor die gebruik van die persoonlike voornaamwoord.

Oor die gebruik van die persoonlike voornaamwoord kan die volgende aangetoon word:

- (i) **U** is die beleefde en deftige vorm van die persoonlike vnv. in die tweede persoon. **U** word gewoonlik teenoor vreemde mense, ons meerderes, mense wat ons nie baie intiem ken nie, ons ouers of mense wat ouer as ons is, en in die sakewêreld gebruik, bv.

Is **u** na Kaapstad verskuif mnr. Vosloo?

Hiermee wil ek die ontvangs van **u** brief van 10 Maart j.l. erken.

Vader, ek wil **u** iets vra.

Let wel:

As ons met ons meerderes of ouer persone wat ons baie goed of intiem ken, praat, dan voel ons dikwels dat die vorm „u” te styf en deftig is. Om hierdie rede vind ons somtyds die neiging om die naam van die aangesproke persoon te gebruik of te herhaal, bv.

Vader, gaan **Vader** more dorp toe?

Kom **Dominee** ons vanmiddag besoek?

Nee Oom, ek het **Oom** se skape nie gesien nie.

- (ii) **Julle** en **hulle** word somtyds verkort tot **jul** en **hul**. Dit gebeur veral wanneer hierdie twee vnv. besit aandui en voor 'n s.nw. staan, bv.

Julle moet **jul** klere wegsit.

Hulle het **hul** visstokke gevat.

Die afgekorte vorm word af en toe ook as onderwerp of voorwerp gebruik, bv.

Jul moet nie lank wegbly nie.

Ek het **jul** gesê dis verkeerd.

Hul wou nie kom nie.

Ons het **hul** gevra om saam te gaan.

- (iii) In die tweede persoon, enkelvoud, word **jou** dikwels in uitroepe gebruik, bv.

Jou lawwe ding!

Jou stoute kind!

Jou gek!

In die meervoud:

Julle lawwe goëd!

Julle stoute kinders!

Julle gekke!

- (iv) Na die voegwoord **behalwe** skryf ons altyd die onderwerpsvorm van die persoonlike voornaamwoord, bv.

Almal behalwe **ek** was daar.

Al die seuns behalwe **hy** moet gaan;

behalwe wanneer dit deur 'n ww. bepaal word, bv.

Ek het almal behalwe **hom** gesien.

- (v) Saam met die onbepaalde vnw. „'n mens” word **jy** of **jou** gewoonlik gebruik, bv.

'n Mens moet altoos **jou** plig doen.

As **jy** wis dit sou reën, kan 'n mens maar die lande gou ploeg.

Op sulke plekke moet 'n mens **jou** gedra.

- (vi) Let op die volgende verskille wat soms gemaak word:

Wat makeer **jou**? Is jy siek?

Wat makeer **jou**? Het jy seergekry?

Wat makeer **jy**? Is jy gek?

Wat makeer **jy** om so iets te sê?

Dit wil voorkom of die eerste twee vrae meer spesifiek is — vrae na die eintlike rede van iets wat so pas gebeur het. Die aangesproke persoon wys dan ook op een of ander manier dat daar iets met hom gebeur het. Op die laaste twee vrae word daar 'n meer algemene of selfs geen antwoord verwag nie. Die vrae is eintlik uitroepe van verbasing en kan miskien ewegoed met uitroepetekens geskryf word, bv. Wat makeer jy! In die spreektaal word hierdie verskille egter nie konsekwent deurgevoer nie. **Jou** word gewoonlik in albei gevalle gebruik.

- (vii) Die woordjie **Gy** word gewoonlik net in die tweede persoon teenoor die Godheid gebruik. Dit is 'n meer verhewe vorm van „jy”, of „u”. „Gy” kom egter maar selde voor. U word miskien meer algemeen gebruik.

- (viii) **Ekke**, in plaas van „ek”, kom maar baie selde voor. Dit word gewoonlik in sinne soos die volgende gebruik.

A: Wie sal dit doen? B: **Ekke**.

Arme **ekke**!

Wie? **Ekke**?

- (ix) **Jou** of **vir jou** word dikwels in uitdrukkinge soos die onderstaande gebruik:

Dit was **vir jou** 'n groot bobbejaan wat ek geskiet het.

Jan het **vir jou** 'n mooi motor gekoop.

Die seun het **vir jou** nie maklik gelieg nie.

Hy het **vir jou** waarlik geen skaamte nie.

Gert het **vir jou** eerlikwaar eerste gekom.

Somtyds, as daar 'n bywoord op **jou** volg, word „vir” weggelaat, bv.

Hy het **jou** waarlik geen skaamte nie.

Gert het **jou** eerlikwaar eerste gekom.

Let wel:

In die sinne „Jan het vir jou goed gespeel” en „Die seun het vir jou nie maklik gelieg nie” beteken „vir jou” nie dat iets aan die aangesproke persoon gegee of gedoen is nie. Trouens, 'n hele klomp mense word dikwels op hierdie manier aangespreek en nie net één nie.

As „vir jou” die voorwerp is, word die „jou” meer beklemtoon in die spreektaal as wanneer dit in sinne soos die bostaande gebruik word. Jan het vir **jou** 'n mooi motor gekoop”, met die aksent op die **jou**, beteken dat die motor vir die aangesproke persoon gekoop is. „Jan het vir jou 'n móói motor gekoop”, met die aksent op die „mooi” (of miskien „motor”), beteken dat iemand aandag wil trek, nadruk lê of verbasing te kenne gee, en dat hy eintlik van „Jan” en „motor” praat.

- (x) **DIT** + **IS** word dikwels saamgetrek tot **DIS**. Kyk mooi na die volgende voorbeelde:

Wie loop daar? **Dis** mos Piet.

Dis maklik om te doen.

Wie sê **dis** verkeerd?

- (xi) DIT word NIE onmiddellik na 'n voorsetsel gebruik nie. Ons gebruik 'n samestelling met **DAAR-** as eerste lid, d.w.s. as die eerste woord van die samestelling, bv.

Ons sê:

nie „op dit” **nie**, maar **DAAROP**
nie „in dit” **nie**, maar **DAARIN**
nie „met dit” **nie**, maar **DAARMEE**
nie „vir dit” **nie**, maar **DAARVOOR**
nie „voor dit” **nie**, maar **DAARVOOR**, ens.

Elk van die bostaande vetgedrukte woorde het eintlik twee betekenisse. **Daarop**, byvoorbeeld, beteken of **op die ding** of **op daardie ding**. Die verskil hang af van die manier waarop die woord uitgespreek word.

As geen van beide lettergrepe beklemtoon word nie, word slegs die begrip van „die ding” aangedui, bv.

Vat die mes en sny die appel **DAARMEE**
 (= *met die mes*)

Neem die kassie en staan **DAAROP** (= *op die kassie*)

Gooi die melk **DAARIN** (= *in die beker, koppie* ens.)

As die aksent egter op die **DAAR** val, word die begrip van „daardie ding” aangedui, bv.

Gooi die melk **DAARIN** (= *in daardie beker, koppie*, ens.)

Staan **DAAROP** (= *op daardie ding*)

(Vergelyk die aanwysende Voornaamwoord (bl 125)

- (xii) Die persoonlike voornaamwoord DIT word gewoonlik gebruik om lewenlose dinge aan te dui, bv.

Daar lê 'n potlood. Sien jy **dit**? **Dit** is myne.

Gee my die hamer. Ek wil **dit** hê.

Daar is egter 'n baie sterk neiging om „hy” en „hom” (d.w.s. die manlike geslagsvorme) vir lewenlose dinge te gebruik. Ons sal dus somtyds hoor:

Ek gaan die boormasjien by Oom Piet haal, want ek wil **hom** verf en in orde bring.

Aanstaande maand moet **hy** weer werk.

Ek wou die moer indraai, maar **hy** wou nie vat nie
Daar lê 'n potlood. Sien jy **hom**.

Gee my die hamer. Ek wil **hom** hê.

Wat die besitsvorm voor die s.n.w. betref, is daar **geen** verskil tussen manlik en onsydig nie, bv.

Bring die kruiwa sodat ek **sy** wiel kan regmaak.

Hier lê die leer. **Sy** sporte is byna almal af.

Die alleenstaande besitsvorm word maar selde in verband met lewenlose dinge gebruik. Af en toe sal ons miskien hoor dat iemand hierdie vorm gebruik. As 'n persoon, A, byvoorbeeld, van 'n windpomp se wiel praat en 'n ander persoon, B, vra hom: Is dit die tuin se windpomp se wiel? dan mag A antwoord: „Ja, dit is syne”. Gevoonlik egter word sodanige besit op 'n ander manier uitgedruk, bv.

Daar lê 'n poot. Dit is **die** tafel **s'n**.

As daar van lande gepraat word, word die manlike geslagsvorme gewoonlik gebruik, bv.

Daardie land dink dat **hy** 'n sterk leër het.

Sy leër is nie so sterk as wat **hy** dink nie.

As daar van diere en voëls gepraat word, word die manlike geslagsvorme gebruik as die dier manlik is, bv.

Daar loop die ou bul. **Hy** is siek.

Hy wil nie **sy** kos eet nie.

Ek moet **hom** dokter.

Ja, hierdie kos is **syne**.

Die vroulike geslagsvorm word gebruik as die dier vroulik is, bv.

Die ganswyfie is siek. **Sy** lê voor die deur.

Sy wil nie **haar** kos eet nie.

Ek moet **haar** dokter.

Ja, hierdie kos is **hare**.

As 'n gemeenslagtige s.n.w. gebruik word, word die manlike geslagsvorm*gewoonlik gebruik, bv.

Moenie die perd aan **sy** stert vat nie.

Vat hierdie skaap en dra **hom** kraal toe.

Daar sit 'n dassie. Skiet **hom**.

Ek wil **sy** velletjie hê.

Sy vang die voëltjie, omdat **hy** mooi vere het.

- (xiii) DIT word somtyds gebruik om meer as een voorwerp aan te dui, bv.

Die wortels moet afgespoel word voordat **dit** gekook word.

Die skroefies was te klein. Ek kon **dit** nie gebruik nie.

Daar was vier jagters, maar **dit** was te min om die bobbejane te omsingel.

Let wel:

Gewoonlik egter word die meervoudsvorm gebruik, bv.

Die wortels moet afgespoel word voordat **hulle** gekook word.

Die skroefies was te klein. Ek kon **hulle** nie gebruik nie.

- (xiv) DIT dui baie dikwels geen bepaalde persoon of ding aan nie, m.a.w. die woordjie „dit” word dan as ’n **onpersoonlike voornaamwoord** gebruik. In sulke gevalle het „dit” eintlik geen betekenisinhoud nie. Dit dien slegs om die gebruikelike vorm aan ’n sin te gee.

Kyk na die volgende voorbeelde:

Hy stoot dat **dit** kraak.

Die vel stink dat **dit** bars.

Dit reën aanmekaar.

In hierdie sinne dui **dit** geen betrekking aan nie.

Let op:

Sodra **dit** iets definitiefs aandui, is dit ’n persoonlike voornaamwoord, bv.

Daar lê die hamer. Gee **dit** vir my.

In sommige gevalle het die **dit** nie betrekking op ’n ding nie, maar op ’n hele aktiwiteit of situasie.

Kyk na hierdie voorbeelde:

Ek kan ook daardie klip optel. **Dit** is maklik.

Slaan net aan my. Jy sal **dit** nie waag nie.

Omdat die situasie-**dit** in bostaande voorbeelde op iets definitiefs betrekking het (nl. op die optel van die klip en op die slaan) is dit natuurlik ook ’n persoonlike voornaamwoord.

- (xv) Somtyds dui die onderwerp en die voorwerp een en dieselfde persoon of persone aan. Tipiese voorbeelde is:

Ek skaam **my** oor jou gedrag.

Hy het **hom** lelik verspreek.

Sy steur **haar** aan niemand nie.

Jy moet **jou** nie verslaap nie.

Die kind verbeel **hom** hy is slim.

Ons vyande verheug **hulle** oor ons nederlaag.

Julle vergis **julle** as julle so dink.

In hierdie sinne keer die handeling wat deur die werkwoord uitgedruk word tot die onderwerp terug. „Ek” en „my”, „hy” en „hom” en „sy” en „haar”, ens. in bostaande sinne dui in elke sin dieselfde persoon aan.

Die voorwerpsvorme: **my**, **hom**, **haar**, **jou**, **hulle** en **julle**, soos hulle in bostaande sinne gebruik word, is natuurlik nog voornaamwoorde; maar om aan te toon dat hulle dieselfde persoon of persone as die onderwerp aandui, word hulle gewoonlik **Wederkerende Voornaamwoorde** genoem.

Verhouding:

Wat is die verhouding hier? Soos by die persoonlike voornaamwoord vind ons hier ook 'n verhouding in die ruimte tot die spreker.

*

*

*

Partymaal is dit egter nie duidelik of die onderwerp en die voorwerp een en dieselfde persoon (of persone) aandui nie. In sinnetjies soos die volgende: „Hy beseer **hom**” en „Sy was **haar**” kan „hom” en „haar” in elke sin of een en dieselfde persoon wees as die onderwerp of 'n tweede persoon. Hoe word die moeilikheid gewoonlik opgelos?

As ons dit duidelik wil maak dat die onderwerp en voorwerp dieselfde persoon aandui, dan word **-SELF** agteraan die voorwerpsvorm van die voornaamwoord gevoeg, bv.

Hy was **homself**.

Sy beseer **haarself**.

Die man skeer **homself**.

Let wel:

By die eerste en tweede persoon is daar geen verwarring moontlik nie; daarom word „-self” gewoonlik NIE by die eerste- en tweede-persoonsvorme van die voorwerpsvorm gebruik nie, m.a.w. ons sê nie „Jy was jouself” of „Ek skeer myself” nie, want die „-self” is in sulke sinne oorbodig en onnodig. **Jy was jou** en **Ek skeer my** is duidelik genoeg.

As dit uit die hele verband duidelik is dat die onderwerp en voorwerp een en dieselfde persoon aandui, dan word die „-self” ook in die derde persoon weggelaat, bv.

Piet was **hom**; dan gaan pos hy die briewe.

As Bettie **haar** beseer, sal dit haar eie skuld wees.

Smorens staan mnr. Willemse vroeg op en skeer **hom** mooi glad voordat hy stad toe gaan.

As die voorwerp nie dieselfde persoon as die onderwerp aandui nie, dan word die „-self” eenvoudig nie gebruik nie, bv.

Hy was **hom** (d.w.s. 'n ander manspersoon)

Sy beseer **haar** (d.w.s. 'n ander vrouspersoon)

Die barbier skeer **hom** (d.w.s. die barbier se klant).

Terwille van die **nadruk** word SELF somtyds as 'n los woordjie ingevoeg, bv.

Jy moet dit **self** doen.

Ek **self** sal met Jan daaroor praat.

Pa wil **self** die vandisie bywoon.

(xvi) Kyk na die volgende sinne:

Jan en Piet het **mekaar** in die stad gesien.

Die seuns gooi **mekaar** met klippe.

Ons broers sal **mekaar** maar moet help.

Die woordjie „mekaar” in elke sin dui aan dat die handeling wederkerig is. Wat A byvoorbeeld aan B doen, doen B weer aan A; en as daar 'n groep persone is, dan doen een persoon vir almal wat almal weer vir hom doen. Hierdie voornaamwoord word gewoonlik onderskei van ander persoonlike voornaamwoorde deur hom die naam **Wederkerige Voornaamwoord** te gee.

Verhouding:

Wat is die verhouding hier? Dit is 'n wederkerighedsverhouding. Van Verskeie persone (dinge) is die een steeds die handelende persoon (onderwerp) en die ander die doel van die handeling (voorwerp).

2. Vraende Voornaamwoorde

Kyk mooi na die volgende sinne:

WIE loop daar?

MET WIE het jy gepraat?

WIE SE motor is daardie?

WIE S'N is dit? Jòue of myne?

WATTER seun het geval?

WAT loop daar onder in die land?

WATTER land het oorlog verklaar?

WAARIN moet ek die melk gooi?

Wat kan ons aflei van die gebruik van die woorde met hoofletters in hierdie sinne?

Die woorde wat met hoofletters geskryf is, word gebruik om vrae mee te stel. Hulle is egter ook aanduidinge van dinge en van 'n bepaalde verhouding. Hierdie soort woorde word gewoonlik **Vraende voornaamwoorde** genoem.

Verhouding:

Hierdie woorde, soos reeds aangedui, is vraagwoorde, maar tewens word in die antwoord die verhouding (in die ruimte) tot die spreker verwag.

Ons kan ook nog die volgende aflei:

(a) **Vir persone** gebruik ons die vorme:

WIE? (MET, AAN, OP, ens.) WIE?

WIE SE? WATTER?

WIE S'N?

(b) **Vir diere, dinge en lande** gebruik ons die vorme:

WAT? WATTER?

WAAR- (IN, OP, VAN, ens.)?

Let wel:

(i) 'n Voorsetsel word gewoonlik NIE onmiddellik voor WAT gebruik nie. Om te sê: In wat het jy die melk gegooi? is nie goeie taal nie. Ons sê:

WAARIN het jy die melk gegooi?
 of: WAAR het jy die melk IN gegooi?

Wat het hier gebeur? In plaas van „in wat” word ’n samestelling met WAAR- as eerste lid (woord) gebruik. Ons sê dus:

nie „in wat” **nie**, maar **WAARIN**
nie „met wat” **nie**, maar **WAARMEE**
nie „vir wat” **nie**, maar **WAARVOOR**
nie „tot wat” **nie**, maar **WAARTOE**
nie „om wat” **nie**, maar **WAAROM**
nie „na wat” **nie**, maar **WAARNA**, ens.

LET WEL:

Algemeen gangbaar is die vorm **vir wat** (vragend) soos in „**Vir wat** het jy dit gedoen?” In hoeverre ons hier met algemeen beskaafde taal te doen het, is egter nog geen uitgemaakte saak nie. Bes moontlik moet hierdie vorm nog as plattaal beskou word.

Soms word egter ’n geskeie samestelling met **wat** as eerste lid (woord) gebruik, bv.

Wat het jy die melk **in** gegooi?
Wat het jy die tak **mee** afgesny?
Wat het jy dit **voor** gedoen? ens.

(ii) Die vorm **WAT SE** kom maar selde voor. Dit word partymaal gehoor in sinnetjies soos die volgende:

Wat se ding is daardie?
Wat se kos neem jy saam?
Wat se siekte heers nou onder die vee?

In bostaande sinne beteken „wat se” eintlik **WATTER SOORT**. Dit is miskien beste om nie hierdie vorm te gebruik nie.

Hier is nog ’n paar voorbeelde. Die onderstreepte woord(e) aan die linkerkant is die antwoord op die vraag aan die regterkant:

Willem kom vandag.
 Die leer val op Willem.
 Hy praat met Willem.
 Dit is Willem se kat.

Wie kom vandag?
 Op wie val die leer?
 Met wie praat hy?
 Wie se kat is dit?

Dit is Willem s'n.

Wie s'n is dit?

Daardie seun is Willem.

Watter seun is Willem?

Die seun met die wit broek
is Willem.

Watter seun is Willem?

Die skaap loop in die veld.

Wat loop in die veld?

Die siek skaap is dood.

Watter skaap is dood?

Hy verkoop sy mes vir 'n
sjieling.

Waarvoor verkoop hy sy
mes?

Tot so-iets is hy nie in staat
nie.

Wartoe is hy nie in
staat nie?

Hy sny die appel met 'n mes

Waar mee sny hy die ap-
pel?

Hy staan op die klip.

Waarop staan hy.

Ek wil die medisyne vir
hierdie koei gee.

Vir watter koei wil jy
die medisyne gee?

Dit is daardie koei s'n.

Watter koei s'n is dit?

3. Betreklike Voornaamwoorde

Kyk mooi na die volgende sinne:

Jan is die seun **WAT** geval het.

Jan is die seun **MET WIE** ek gepraat het.

Die man **WIE SE** hoed weg is, koop 'n nuwe.

Dit is die land **WAT** ek wil besoek.

Die koei **WAT** vader geslag het, was vet.

Die kas **WAAROP** jy staan, is te klein.

Die mes **WAARMEE** ek sny, is stomp.

Wat kan ons aflei van die gebruik van die woorde met hoofletters in bostaande sinne:

Wat **betekenis** betref, is hierdie woorde aanduidinge van dinge, bv. **wie se** dui „die man” aan; **waarop** dui „die kas” aan; **waarmee** dui „die mes” aan, ens. Wat verhouding betref, staan hulle in betrekking tot iets wat reeds genoem is. Hulle word gebruik om 'n bysin aan 'n woord te verbind. Neem

die eerste voorbeeld hierbo. Wat dui „die seun” aan en staan in betrekking tot „die seun”. Terloops kan ons ook aantoon dat **wat** gebruik word om die bysin „wat geval het” aan „seun” te verbind.

Uit ons eerste groepie sinne merk ons ook die volgende:

(a) **Vir persone** gebruik ons die vorme:

**WAT, WIE SE en (AAN, VIR, MET ens.)
WIE**

(b) **Vir diere, dinge en lande** gebruik ons die vorme:

WAT, WAAR- (AAN, MEE, OP, ens.)

Kyk na die volgende skema en voorbeelde:

	Mense	Diere, dinge, ens.
1.	WAT	WAT
2.	WIE SE	WAARVAN (die)
3.	(MET, OP, ens) WIE	WAAR- (MEE, OP, ens.)
1.	{ Die man WAT daar woon, is siek. Die hamer WAT stukkend is, is myne.	
2.	{ Die seun WIE SE arm af is, is my broer. Die hamer WAARVAN die steel af is, is myne.	
3.	{ Die man MET WIE ek praat, is my oom. Die mes WAARMEE ek sny, is nuut.	

Let op: -

(i) 'n Voorsetsel word **NIE** onmiddellik voor **WAT** gebruik nie. Om te sê „Die stoel op wat jy sit, is stukkend”, is **nie** goeie taal nie. Ons sê:

Die stoel **WAAROP** jy sit, is stukkend,
of: Die stoel **WAAR** jy **OP** sit, is stukkend.

Ons gebruik dus **NIE** 'n voorsetsel plus **wat** nie, maar 'n samestelling met **WAAR-** as eerste lid (woord).

Ons sê:

nie „met wat” **nie**, maar **WAARMEE**
nie „op wat” **nie**, maar **WAAROP**
nie „vir wat” **nie**, maar **WAARVOOR**
nie „tot wat” **nie**, maar **WAARTOE**
nie „in wat” **nie**, maar **WAARIN**, ens.

Wat ons egter ook dikwels hoor is 'n ander konstruksie waarin beide **wat** en die voorsetsel voorkom, bv.

Die beker **wat** jy die melk **in** gooi, is vuil.

Die mes **wat** jy die appel **mee** skil is stomp.

Die hoed **wat** ek 'n pond **voor** betaal het, is weg.

(ii) Uit die voorbeelde heel aan die begin merk ons dat **wie** NIE alleen sonder 'n voorsetsel gebruik word nie; m.a.w. ons sê nie „Die seun wie daar loop, is my vriend” nie, maar altyd: Die seun **WAT** daar loop, is my vriend. Nog 'n paar voorbeelde:

Die kaffer **WAT** jy gehuur het, is sterk.

Die meisie **WAT** naby ons woon, is siek.

Is dit die man **WAT** seergekry het?

Onthou dus:

WAT WORD VIR SOWEL DIERE, VOELS, DINGE, LANDE, ens. AS VIR MENSE GE-BRUIK.

(iii) Hier is 'n paar voorbeelde van saamgestelde sinne met betreklike voornaamwoorde. Kyk mooi hoe die twee sinne verbind is:

- | | |
|--|---|
| (a) Dit is die man. Hy het die geld verloor. | Dit is die man WAT die geld verloor het. |
| (b) Die meisie is my suster. Die meisie loop in die straat. | Die meisie WAT in die straat loop, is my suster. |
| (c) Dit is die seun. Ek het die brief aan hom gegee. | Dit is die seun AAN WIE ek die brief gegee het. |
| (d) Die man lê in die hospitaal. Sy been is gebreek. | Die man WIE SE been gebreek is, lê in die hospitaal. |
| (e) Die voël is mooi. Jan het die voël gevang. | Die voël WAT Jan gevang het, is mooi. |
| (f) Daar loop die osse. Pa het hulle gister gekoop. | Daar loop die osse WAT pa gister gekoop het. |
| (g) Die kaffer is erg beseer. 'n Baksteen het op sy kop geval. | Die kaffer op WIE SE kop 'n baksteen geval het, is erg beseer. |

- | | |
|--|--|
| <p>(h) Die bed is nuut. Jy lê op die bed.</p> <p>(i) Die koei word nie gemelk nie. Haar een horing is af.</p> <p>(j) In die berg loop tien ribbokke. Jy kan twee van hulle skiet.</p> <p>(k) Moenie daardie stoel vat nie. Sy een poot is af.</p> <p>(l) Die boere in daardie dele is ryk. Baie van hulle het groot plase.</p> <p>(m) Die jagters het baie bokke geskiet. Onder die jagters was 'n paar goeie skuts.</p> | <p>Die bed WAAROP jy lê, is nuut.</p> <p>Die koei WAARVAN die een horing af is, word nie gemelk nie.</p> <p>In die berg loop tien ribbokke WAARVAN jy twee kan skiet.</p> <p>Moenie daardie stoel WAARVAN die een poot af is, vat nie.</p> <p>Die boere in daardie dele baie VAN WIE groot plase het, is ryk.</p> <p>Die jagters onder WIE daar 'n paar goeie skuts was, het baie bokke geskiet.</p> |
|--|--|

Onthou:

Die taalgebruik leer ons die volgende:

WAT word gebruik vir **mense, diere, dinge**, ens.

voorsetsel + **WIE** word **net vir mense** gebruik.

WIE SE word **net vir mense** gebruik.

WAAR + **bywoord** word **net vir diere, dinge**, ens. gebruik.

(iv) Kyk na die volgende sinne:

Het jy iets gehoor **van** wat daar gebeur het?

Hy is verstom **oor** wat Piet gesê het.

Vader stel belang **in** wat ek doen.

In hierdie sinne het die voorsetsels **van, oor en in** betrekking op **die hele bysin wat volg**, en **NIE** op die „wat” alleen **NIE**; daarom verander die „wat” glad nie.

(v) Soms kan **WAT** en **WIE** die betekenis inhou van beide antesedent (die s.nw. wat voorafgaan) en relatief (die betreklike v.nw.), bv.

WIE vra, sal kry (**WIE** beteken: **Hy wat**).

WAT vir my snaaks is, is dat Jan nie gekom het nie (**WAT** beteken: **Die ding wat**).

4. Onbepaalde Voornaamwoorde

Kyk na die volgende sinne:

Hy soek na IETS in die kamer.

'n MENS moet **jou** skik na omstandighede.

DIEGENE wat die wet oortree, word gestraf.

JY weet nooit wat kan gebeur nie.

In China kweek HULLE baie rys.

HY wat stout is, moet die gevolge dra.

NIKS sal hom keer as hy dit wil doen nie.

Het IEMAND my geroep?

Daar was NIEMAND tuis nie.

(Let wel: saam met 'n Mens word **jy** of **jou** gebruik, bv.

'n Mens moet altyd **jou** plig doen.

'n Mens moet maar kyk of **jy** 'n plan kan maak.)

Wat kan ons aflei met betrekking tot die woorde met hoofletters geskryf?

Al die woorde is name van mense of dinge, maar dit is nie bepaalde mense of dinge nie. Dit kan enige mens of ding wees, want 'n spesifieke persoon of ding word nie aangedui nie. Om hierdie rede word hierdie woorde **Onbepaalde Voornaamwoorde** genoem.

Verhouding:

Wat is die verhouding by hierdie soort voornaamwoorde? Hulle dui 'n onbepaalde verhouding tot die spreker aan. Die dinge wat aangedui word deur **jou, jy, hulle, diegene, iemand, niemand** (soos in bostaande voorbeelde) staan in 'n onbepaalde verhouding tot die spreker. Ook 'n **mens**, hoewel dit nog die vorm van 'n s.nw. het. **Iets** en **niks** dui omvang aan, maar histories gesien, het hulle die vorm van vnwe.

Let op:

- (i) As ons van die **betekenis** van woorde uitgaan, dan is woorde soos **geeneen, elk, elkeen, almal, algar, iedereen, enigeen**, ens. NIE onbepaalde vnwe. nie, maar selfstandige naamwoorde wat **omvang** aandui. Hulle is nie onbepaald nie, maar **bepaald**. Ons kan hulle **Omvangsname** noem.

- (ii) Woorde soos **enige, elke, sommige, party, geen**, ens. is, volgens betekenis, NIE voornaamwoorde nie, maar aanduidinge van hoeveelheid of **hoeveelheidswoorde** (meer bepaald: **onbepaalde hooftelwoorde**).

Wanneer hulle adjektiwies (d.w.s. as byvoeglike naamwoorde) gebruik word, beperk hulle die betekenis van die s.n.w., bv.

Jy kan **enige** dag kom.

Elke seun weet dit.

Party seuns het nie opgedaag nie.

Sommige spykers is te lank.

Daar kan **geen** goed van kom nie.

Soos b.nwe. kan hoeveelheidswoorde natuurlik ook selfstandig gebruik word, bv.

Sommige wou nie saamgaan nie.

Party is te kort, **ander** is weer te lank.

- (iii) Die onbepaalde (aanwysende) vnw. **ANDER** dui 'n meervoudigheidsbegrip aan, bv.

Sommige het gaan swem; die **ANDER** wou nie.

Hierdie aartappels is klein; die **ANDER** is groot.

Die enkelvoudsvorm is **ANDER EEN**. (Miskien sou dit beste wees om dié twee woorde aaneen te skrywe, want albei saam druk 'n enkele begrip uit) Kyk na hierdie sinnetjies:

Van die twee perde wil ek een verkoop; die **ANDER EEN** (of **ANDEREEN**) wil ek hou.

Hier is vier skroefies. Drie kan ek gebruik, maar die **ANDER EEN** is te lank.

B. BYVOEGLIKE VOORNAAMWOORDE

(Aanduidinge van verhoudinge as eenskappe voorgestel)

I. Besitlike voornaamwoorde

- (a) **Betekenis:**

Kyk na hierdie sinnetjies:

Dit is **jou** hoed.

Dit is nie **my** pen nie, maar **syne**.

Is hierdie jasse **julle s'n**?

Waar is **my** potlood?

Sy het **haar** boek verloor.

Die vetgedrukte woorde dui **besit** aan en word **Besitlike Voornaamwoorde** genoem. Hulle is baie nou aan byvoeglike naamwoorde verwant, want hulle funksie hier is dieselfde as dié van b.nwe. (adjektiewe). Wat **betekenis** betref, dui hulle ook verhoudinge in die ruimte tot die spreker aan. Hierdie verhoudinge word as eenskappe voorgestel. Die verhouding tussen 'n persoonlike vnw. en 'n s.nw. is dieselfde as dié tussen 'n besitlike vnw. en 'n byvoeglike naamwoord.

In 'n sin soos „Die perd is syne” is **syne** die predikatiewe gebruik van die besitlike vnw. „sy” (soos bv. in „Dit is sy perd”.)

(b) Fleksie

Die volgende kan aangedui word:

(i) Wanneer die besitlike vnw. voor 'n s.nw. staan:

Enkelvoud	Meervoud
1e Pers.: Dit is my hoed	Daar lê ons hoede
2e Pers.: Dit is jou, u hoed	Daar lê julle, u hoede
3e Pers.: Dit is sy, haar hoed	Daar lê hulle hoede

(ii) Wanneer die besitlike vnw. alleen staan:

Enkelvoud	Meervoud
1e Pers.: Die hoed is myne	Die hoede is ons s'n
2e Pers.: Die hoed is jou(n)e	Die hoede is julle s'n
3e Pers.: Die hoed is syne, hare	Die hoede is hulle s'n

Oor die gebruik van die besitlike voornaamwoord

- (i) Dieselfde verhoudinge wat deur besitlike voornaamwoorde uitgedruk word, kan ook op 'n ander manier uitgedruk word. In plaas van te sê, „Jan is **my** vriend” kan ek ook sê: Jan is 'n vriend van **my**.

Hier volg nog 'n paar voorbeelde:

Hy het met 'n maat van **hom** gaan stap.

Marie en 'n vriend van **haar** gaan swem.

Wil jy hierdie pen van **my** hê?

Let op:

- (i) **VAN** + **die** voorwerpsvorm van die voor-naamwoord word gebruik.
- (ii) Benewens **besit** kan ander verhoudinge ook op hierdie manier uitgedruk word, bv.
 Het jy daardie boek van hom al geles?
 (d.w.s. die boek deur hom geskryf)
 Hierdie besoekie van jou was veels te kort.
 (d.w.s. die besoek deur jou afgelê?)
- (ii) Die voornaamwoord **u** het gewoonlik geen alleenstaande besitsvorm nie. Dit is baie, baie selde dat ons iemand so'n vorm hoor gebruik. In plaas van te sê „Die jas is **die uwe** (nooit „u s'n” nie), kan die spreker hom ook as volg uitdruk:

Die jas is van u,

Dit is u jas,

of: **Die jas behoort aan u.**

- (iii) By 'n s.n.w. word besit gewoonlik deur middel van die woorde **SE** of **S'N** uitgedruk:

As die naam van die ding wat besit word, **na** die naam van die besitter staan, word **SE** gebruik, bv.

Dit is moeder **se** naald.

Ek het Marie **se** boeke.

Waar is die seun **se** hoed?

Jy sal die tafel **se** poot breek.

As die naam van die ding wat besit word, **voor** die naam van die besitter staan, word **S'N** gebruik, bv.

Die naald is moeder **s'n**.

Die boëke is Marie **s'n**.

Dié poot is daardie tafel **s'n**.*

II. Aanwysende Voornaamwoorde

Kyk na die volgende sinne:

DAARDIE spykers is te kort.

HIERDIE meisie doen altyd haar bes.

Jy vertel leuens en **DIE** wil ek nie hoor nie.

Kom jou beloftes na. **DIT** is al wat ek vra.

Wie preek Sondag? **DIE** (**DIT**) kan ek jou nie sê nie.

Hierdie vrugte is ryp, maar **DIE ANDER** is nog groen.

Die woorde wat met hoofletters gedruk is, is òf aanduidinge van verhoudinge as eienskappe voorgestel òf aanduidinge van dinge in hulle verhouding tot die spreker. **Daardie** en **hierdie** is aanduidinge van verhoudinge as eienskappe voorgestel. Die bepaalde verhouding hier is, nl. dié dinge wat deur die spreker aangewys word. Let op dat hierdie vnwe. byvoeglik gebruik word, d.w.s. hulle het die funksie van byvoeglike naamwoorde. Soos gewone byvoeglike naamwoorde kan hulle ook selfstandig gebruik word, bv.

Wil jy **hierdie** of **daardie** hê?

Dié, dít en **ander** is aanduidinge van dinge in hulle verhouding tot die spreker.

Alle sulke woorde noem ons **Aanwysende Voornaamwoorde**. Die eerste twee (**daardie** en **hierdie**) is byvoeglik gebruikte en die ander (**dié, dít, ander**) is selfstandig gebruikte aanwysende voornaamwoorde.

Let op:

- (i) 'n Voorsetsel word **NIE** onmiddellik voor **DIÉ** en **DÍT** gebruik nie. Om te sê „Hy sit op dié (dít)” is nie goeie taal nie. Ons sê: Hy sit **HIEROP**.

Wat gebeur? Ons gebruik 'n samestelling met **HIER-** as eerste lid (woord). Ons sê dus:

nie „met dié (dít)” **nie**, maar **HIERMEE**
nie „vir dié (dít)” **nie**, maar **HIERVOOR**
nie „op dié (dít)” **nie**, maar **HIEROP**
nie „aan dié (dít)” **nie**, maar **HIERAAN**
nie „tot dié (dít)” **nie**, maar **HIERTOEG**
nie „van dié (dít)” **nie**, maar **HIERVAN**, ens.

Hier is 'n paar sinne om te wys hoe die woorde met hoofletters gebruik word:

Hier is 'n kassie. Sit maar **HIEROP**.

Wat wil jy **HIERMEE** maak?

Hoeveel betaal jy **HIERVOOR**?

Ek moet jou nog **HIERVAN** vertel.

Let op:

HIEROP beteken op **hierdie ding**/
HIERMEE — met **hierdie ding**/
HIERVOOR — vir **hierdie ding**, ens.

- (ii) Woorde soos **dergelike**, **sodanige**, **sulke**, ens. gee, wat betekenis betref, **nie** 'n verhouding in die ruimte tot die spreker te kenne nie. Hulle is dus **nie** aanwysende voornaamwoorde nie, maar gewone byvoeglike naamwoorde.
- (iii) Somtyds word die woordjie **EEN** saam met **hierdie** en **daardie** gebruik, bv.
 Ek wil **HIERDIE EEN** hê.
 Neem jy **DAARDIE EEN**?
 Die twee woorde word wel los van mekaar geskrywe, maar albei saam het maar 'n enkele begripsinhoud, d.w.s. albei saam dui net **een** ding aan. Die „**een**” is maar net 'n blote stut en miskien behoort ons die woordjie nie los te skryf nie. **Hierdie-een** en **daardie-een** mag beter wees.
- (iv) **Dié**, met die betekenis van „hierdie” of „daardie”, kry dikwels 'n meervoudsvorm, bv.
 Gee my 'n paar van **dies**.
Dies wat ek van Jan gekry het, was te groot.

III Ander byvoeglike woorde

Kyk na die volgende sinne:

Die seun **hier** is baie slim.

Die kêrel **daar** voel siek.

Die trap **bo** is glad.

Die klip **onder** is swaar.

Die vetgedrukte woorde word nie alleen byvoeglik gebruik nie, d.w.s. wat betekenis betref, is hulle nie alleen beskrywend nie, maar hulle dui ook 'n verhouding tot die spreker aan. Hulle is dus ook **byvoeglik gebruikte aanwysende voornaamwoorde**, d.i. aanduidinge van verhoudinge as eenskappe voorgestel.